## Pastorale Brief oor ons Geldsake –

**Spesiale Dankoffermaand, Mei 2025**

**NG Kerk Berg-en-Dal**

Geagte gemeente,

Vanjaar het die somer gou-gou (en baie nat) oorgegaan in die herfs, en dié toe ewe snel oor in winter, met 'n eerste en tweede kouefront al oor ons. Verekomberse is uitgehaal en kaggelhout gekoop – ons is bevoorreg dat ons kán. Boonop het ons 'n wonderlike geseënde Paastyd gehad, van Palmsondag en die oggendwydings in Groot Lydensweek tot 'n Stil Nagmaal en vol kerk Vrydag- en Paassondagoggend. En ons het die woorde van Nicea, 1 700 jaar oud, leer sê. Daar is baie stof tot dankbaarheid hier!






Wat ons gemeentelike lewe betref, was daar onder die Jongspan baie aksie en lekkertes: van 'n Kamp in die Kerksaal tot blommetjiesplant by Siësta tot 'n Wyksbyeenkoms om die swembad!










Meimaand is ook die tyd vir ons **Spesiale Dankoffer**, en eers gee ons hiermee weer 'n "prentjie" van hoe ons finansiële posisie verlede jaar daar uitgesien het (1 Maart tot 28 Februarie 2025), en dan ook ons begrote syfers vir vanjaar:


# 2024/25 RESULTATE (12 MAANDE - VOORLOPIG)




# BEGROTING 2025/26




**WERKLIKE (W) / BEGROTE (B) NETTO SURPLUS / (TEKORT):**
**2024/25 (W): R (49 422) 2024/25 (B): (R 261 308) 2025/26 (B): (R243 134)**

Ons **begroting** vir 2025 kom basies neer op ‘n beraamde uitgawebedrag van R 4,87 milj teenoor ‘n beraamde inkomste van R 4,63 milj; op dié stadium lyk dit na ‘n tekort van ± R 240 000 gereken op ‘n **8%** verhoging in ons inkomstes, en waarvan die grootste deel uit gemeentelike bydraes kom (dankoffers, eredienskollektes, projekte soos die kermis) en **Mei se Spesiale Dankoffer**. Verlede jaar het ons R 470 000 as teiken vir Meimaand gestel, en R 475 000 gehaal; vanjaar se mikpunt is R 500 000 (ons hét al in 2023 R 511 000 gehaal)! Die verbouing van ons Kerkkantoor is klaar, dit word nou “mooigemaak” en met Pinkstertyd open ons eie **boekwinkeltjie** daarbinne om ‘n lopende inkomste te help bring. Op **Vrydagaand 13 Junie** bied Berg-en-Dal ook ‘n vertoning van Frank Opperman & Dana Snyman se “Reünie” aan; hou daarvoor ons inligtingsgroepe dop en bespreek jul plek betyds! Ons vertrou dat op dié manier – en soos wat die Here ons nog elke jaar versorg het – ons al ons verpligtinge hier en verder waar daar nood is, sal kan nakom.

Baie dankie aan iedereen se bydraes, gereeld by die eredienste of deur ‘n bankoorbetaling of nou in Mei! Met hartlike groete, en innige wense vir ‘n gekoesterde wintertyd, na liggaam en gees.

**Leraars en Kerkraad, NG Kerk Berg-en-Dal.**